DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin




Predikant: Ds. S.P. Venter

Sel: 082 809 0222

Epos: sarel.pventer@gmail.com


*Eredienste* begin *09:30*

**11 Februarie 2024**

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | Ds. Sarel Venter |
| **Skriflesing** | Daniël 6: 16 - 29 |
| **Tema** | Dien God wat mag het oor lewe en dood |
| **Sang** | Psalm 107: 1, 18<br>Psalm 71: 4, 9<br>Psalm 33: 7, 11<br>Psalm 2: 1, 6<br>Psalm 71: 12, 14 |

**Ons loop nie daagliks die gevaar om in 'n leeukuil gegooi te word nie. Tog raak Daniël se ervaring ons ten nouste. Is daar hoop vir hulle wat volhard om God te aanbid, al span die ongelowiges saam teen die kerk van Christus? Die agteraf jaloesie teenoor 'n getroue werker wat God en sy werkgewer respekteer, vind ons ook vandag. Daar is geheime agendas, omkopery, bevoordeling van familie en vriende. Maar daar is ook die eise dat jy moet saamgaan met onheilige sake,**

anders verloor jy jou werk of kry nie aandeel in die "winste" nie. Aanbid die afgod Mammon!

Koning Darius vaardig 'n onveranderbare wet uit. Daniël ignoreer die bevel en volhard in gebede. Hy word in die leeukuil gegooi, selfs die koning kon hom nie help nie. Sy vertroue bly op die ware God. So ook die koning wat sê: "Mag jou God wat jy met soveel volharding dien, jou red" (Dan. 6:17). So was dit. Daniël oorleef en bely: "My God het sy engel gestuur om die bekke van die leeus toe te sluit ..." (vs 23). Ook ons kan hoop behou. Al voel dit of die vyand oorneem, God regeer steeds. Met Jesus se kruisdood sou die vyand wou feesvier. Uit die weg geruim, soos Daniël in die leeukuil. Maar Jesus verrys as oorwinnaar uit die graf en word verhoog tot die regterhand van sy Vader. Daarna word nie 'n koningsopdrag uitgestuur om die God van Daniël te vrees en te eer nie, maar wel die blye boodskap van verlossing. Jesus Christus regeer oor alles. In sy Naam is daar redding. Hy bewaar jou, want die magtigste is onder sy gesag. Hy kom weer om sy heerskappy oor alles en almal te bekragtig. Sy vyande sal dan finaal uit die weg geruim word.

# OOG VIR MEKAAR




* **Ons bid vir Brenda Koekemoer wat weer in die hospitaal opgeneem is. Ons glo dat hulle nou die vernouing in die nier sal opspoor.**
* **Ons is dankbaar dat Alwina Beyneveldt besig is om te herstel van longonteking en nou tuis is.**
* **Ons bid steeds vir Peet Oosthuizen met die genesing van sy skoueroperasie.**
* **Ons bid saam met tannie Lettie Coetzee wie se seun Covid opgedoen het en in ICU is. Baie seën vir julle familie.**
* **Baie geluk aan ons kinders wat in ateletiek - en hokkiespanne opgeneem is. Geniet dit.**
* **Ds Sarel bedank almal wat 'n bydrae gelewer het met my verjaarsdag. Ek waardeer julle.**

# KONSISTORIEDIENSBEURTE 11 Feb 2024

Diensbeurt: Wyk 4
Ouderling: Douw Venter

Katkisasie: Les 3
Diaken: Shawn Koekemoer

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

*Eredienste begin 09:30*

# TEE EN KOFFIE KUIERTYD



Susters word versoek om asb Sondae hand by te sit om koffie en tee te bedien en om op te was na die erediens.

# DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 11 Feb | 11:00 | *Kerk* | AK vergadering |
| 12 Feb | 18:00 | *Kerk* | Finans kommissie |
| 13 Feb | 18:00 | *Kerk* | Bedieningskommissie |
| 14 Feb | 18:00 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 18 Feb | 11:00 | *Kerk* | Ouderlingevergadering |
| 19 Feb | 18:00 | *Kerk* | Breëkerkraadsvergadering |
| 20 Feb | 18:00 | | Sustersvergadering |
| 20 & (21) Feb | 09:30 & (18:00) | *Kerk* | Bybelstudie |




# KALENDER




| *Verjaarsdae* | | | | |
|---|---|---|---|---|
| *Datum* | *Naam* | *Ouderdom* | *B / D* | *Sel/Tel no.* |
| (So) 11 Feb | Nadia Kotze<br>Daniël Snyman | 39<br>9 | B<br>D | 082 398 0114<br>079 500 3458 |
| (Ma) 12 Feb | Salomie Smit<br>Juné Carstens | 49<br>11 | B<br>D | 082 815 4062<br>074 570 9357 |
| (Di) 13 Feb | *Johanna Samuels* *<br>Lenie Lamprecht | 72<br>67 | B<br>B | 082 412 8092<br>084 058 9266 |
| (Wo) 14 Feb | Jan Albertyn | 55 | B | 082 895 9150 |
| (Do) 15 Feb | Albert Coetzee<br>Hailey Pelser | 65<br>9 | B<br>D | 083 627 6821<br>063 161 5815 |
| (Vr) 16 Feb | Dewaldt Hattingh * | 78 | B | 082 460 3237 |
| (Sa) 17 Feb | Reinhardt Weidemann | 37 | B | 082 610 0623 |

| Huweliksherdenkings | | | |
|---|---|---|---|
| Huweliksdatum | Lidmate | Jare Getroud | Sel/Tel no. |
| (Di) 13 Feb | Reinhardt & Melanie Weidemann | 8 | 082 610 0623<br>083 419 2911 |
| (Sa) 17 Feb | Robert & Aileen Marriott | 6 | 083 455 0987<br>076 400 3222 |

# GEDAGTE VIR DIE WEEK

**Loof die Here, alle nasies,**
**roem Hom, alle volke,**
**want magtig oor ons is sy troue liefde,**
**ja, die trou van die Here is vir ewig.**
**Halleluja!**

**Psalm 117: 1 en 2**

# KOLLEKTES

**Kollektes Februarie 2024**



**Tydends erediens:**

**Diakonale Sorg**

**Na erediens (By die deure):**
**Spesiale Fondse :**
**11 Februarie 2024 Teologiese student kas**
**18 Februarie 2024 Thuso fonds**
**25 Februarie 2024 Deputate Jeugsorg**

**"n Volledige lys van verpligte asook vrywillige kollektes vir 2023 tot 2025 is op die kennisgewingbord agter in die portaal beskikbaar.**

# SILWERDOPPERS

**Die Silwerdoppers se volgende uitstappie is om die draai. Op 13 Feb 2024 gaan julle op 'n lekker uitsatppie Haenertsburg toe.**



**Daar wag 'n bootrit op die Silwerdoppers wat verseker baie lekker sal wees.**

**Ons vertrek die 13 de Feb om 08:00 vanaf Fanie en Dawn Hattingh hulle se plot op Dalmada (Plot 114, Derde straat).**

**Die wat nie saam op die bootrit wil ry nie is steeds meer as welkom om saam te kom aangesien ons daarna lekker gaan kuier.**

**Almal moet 'n kosmandjie pak want na die bootrit gaan ons pieknie hou en kuier tot laat.**

**Silwerdoppers wat nie vervoer het nie en wil saam gaan moet asb vir Marina vd Walt op 072 135 6905 kontak.**

**Moet nie hierdie uitsatppie misloop nie, die een gaan een vir die boeke wees.**

# NAGMAAL

Lidmate moet ASB kennis neem van die vogende:

Nagmaal sal op 3 Maart 2024 om 09:30 plaasvind.




Lidmate MOET kennis neem dat daar slegs EEN diens sal wees.

Lidmate wat Nagmaal aan tafel wil gebruik sal dit kan doen, die ander lidmate moet die rakkies wat agter in die portaal is, gebruik en Nagmaal in die banke gebruik.

# NAGMAALETE

Lidmate wat die Nagmaalete op 3 Maart 2024 gaan bywoon moet asb julle name op die lys plaas wat agter in die portaal is.



Daar gaan 'n heerlike koue ete voorgesit word, met heerlike koue vleis en slaai (Susters word versoek om asb 'n slaai saam te bring.)

Onthou ook om eie eetgerei en drinkgoed saam te bring.

ONTHOU ASB ! ! Die susters in blok D is verantwoordelik vir nagereg na die Nagmaalete.

# BOEREONTBYT

Die Aktiwiteitskommissie bied op 16 Maart 2024 vanaf 08:00 'n heerlike boere-ontbyt aan by die kerk.

Daar gaan heerlike wors, spek, hoenderlewertjies, pap en eiers, vars gebakte brood met konfyt en nog baie meer bedien word.




Vir slegs R80.00 per volwassene en hoërskool-leerder en R40.00 per laerskool kind is hierdie voorwaar 'n winskoop wat nêrens anders gevind sal word nie.

Kaartjies nou beskikbaar by die kerkkantoor asook by lede van die Aktiwiteitskommissie.

**ONTHOU asb die datum!!!**

# KONINGSKINDERS KAMP

Liewe gemeente,

**2024 se kamp vir die Koningskinders (Laerskool) vind gedurende die Maart skoolvakansie (20 tot 27 Maart) plaas.**
Die kamp is 'n hoogtepunt vir baie van hierdie kinders en die kamporganiseerders werk baie hard en doen baie moeite om elkeen van die kinders op 'n maatskaplike en geestelike vlak te bereik en soveel as moontlik te voed!
Om van die kamp 'n sukses te maak het ons u ondersteuning en veral u voorbidding nodig!

**Ons benodig ook die volgende :**

1. Kontant skenkings vir kosaankope ( drie etes per dag moet voorsien word).
   'n Sakkie met basiese badkamer benodighede wat aan elke kind oorhandig sal word.
2. Psalmboeke en Bybels wat u nie meer gebruik nie.
3. Komberse, hetsy nuut of komberse wat u nie meer gebruik nie maar wat nog in 'n mooi toestand is.
4. Dan benodig ons ook lidmate wat bereid sal wees om as groepleiers op te tree. Indien jy geroepe voel om hier te help, skakel ds. Sarel asb.

**Kontak gerus vir Ds Sarel Venter vir meer inligting.** U is ook welkom om u donasie direk in die Koningskinders se bankrekening in te betaal.

**Die besonderhede is:**

| | | |
|---|---|---|
| Rekening naam : | Koningskinders | Bank: ABSA |
| Rekening nommer: | 91-9071-1847 | Tak kode: 632-005 |

# KONINGSKINDERS KAMP (VERVOLG)




# GK PIETERSBURG FACEBOOK BLAD

Die gemeente se Facebook blad is nou weer op en hardloop weer. Baie dankie aan Robert Marriott wat bereid was om die blad te administreer.

Vind ons op Facebook

Om by die blad aan te sluit kan lidmate op Facebook gaan en die kerk daar soek op gkpietersburg. Die aktiewe skakel sal ook op die Basuin en YouTube groepe gestuur word:
https://www.facebook.com/gkburgsuid?mibextid=JRoKGi

Ons vra dat lidmate ons help om die Facebook blad met inligting te oorlaai. Stuur vir ons foto's en inligting van kinders se prestasies op die sport veld, skool funksies ens. Uitstappies van die Silwerdoppers en kuier aande by die kerk ens, wat dan op die gemeente se Facebook blad geplaas kan word.

# EVANGELISASIE (SOUT EN LIG)




## Die GROOT opdrag

### Maak die mense My dissipels

### Waar begin ons?
### Liefde vir Christus

**Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê.**
**Gal2:20**




### God te verheerlik

**My Vader word juis daardeur verheerlik dat julle baie vrugte dra en my dissipels is.**
**Joh 5:8**

### Gehoorsaamheid aan God

**"Wie my opdragte het en dit uitvoer – dit is hy wat My liefhet"**
**Joh14:21**

# EVANGELISASIE (SOUT EN LIG - VERVOLG)




## Liefde tot ons naaste

**Laat ons, ons naaste van sy dwaalweë om keer.**

**...laat hy weet dat hy wat 'n sondaar van die dwaling van sy weg terugbring, 'n sondaar van die dood sal red en baie sondes sal bedek." Jak5:20**

**"Want die Seun van die mens het gekom om te soek en te red wat verlore is." Lukas 19:10**




## Moenie mense vrees nie

**Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing.**
**Jy moenie skaam wees om die boodskap van die Here te verkondig nie. 2Tim1:7-8**

**Evangelisasiekommissie,**

**ons kan help skakel 083 457 1711**

| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>**Webwerf**<br>www.gereformeerd.co.za | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>E-pos :<br>admin@gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggende na die erediens. |
| | **Bankbesonderhede**<br>Kerkkas | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651 | Diakonie | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| | Koningskinders | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581 | Geref. Susters Org. Pietersburg | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| Marisa Linde<br>083 408 2100 | Aktiwiteitskommissie | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo.

*My God het sy engel gestuur en Hy het die bekke van die leeus gesluit, sodat hulle my geen leed kon aandoen nie, omdat ek voor Hom onskuldig bevind is. Ook u, o koning, het ek geen leed aangedoen nie."*

*Daniël 6: 23*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS